Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 19/2025

14 November 2025

## Van die skoolhoof

*Liewe GSDP-gemeenskap*

**Met jou hele hart**

**Deuteronomium 6:6 – "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees."**

Net voordat Israel die beloofde land binnetrek, staan Moses weer voor die volk – hierdie keer die geslag wat in die woestyn gebore is. Hy herinner hulle aan die Here se trou, aan die uittog uit Egipte en die veertig jaar van versorging. Hy roep hulle op om nie die Here se gebooie te vergeet nie, en herhaal daarom die Tien Gebooie. Met die woorde: **"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE" (Deut. 6:4)** bevestig hy die fondament: daar is net één Here, en Hy eis hul hele hart.

Moses dring daarop aan dat hierdie gebooie nie net in hul gedagtes moet wees nie, maar diep in hul harte gegraveer moet word. Dit moet hul hele lewensstyl deursuur—elke besluit, elke gesprek, elke dag.

Ook vir ons, vandag hier by Dirk Postma, bly hierdie oproep onveranderd. Juis nou wanneer die jaar ten einde loop en ons so baie take het om af te handel, is hierdie oproep belangrik. Om die Here lief te hê en vir Hom te leef, moet steeds van generasie tot generasie oorgedra word. Die gedeelte beklemtoon verskeie dinge:

**1. Ons kan die kinders net leer as dit éérs in ons eie harte leef.**
Die Here se gebooie moet nie net bekend wees nie, maar gehoorsaam en geleef word. Eers dan kan onderwysers en ouers dit met gesag oordra.

**2. Ons moet dit doelbewus op die kinders se harte druk.**
Psalm 78 sluit hierby aan: ons moet hulle getrou onderrig. Die beeld is skerp, soos iets wat met 'n skerp mes ingegraveer word. Dit verg moeite, maar dit sal nie tevergeefs wees nie.

**3. Ons moet daaroor praat.**
Nie net herhaal nie, maar bespreek, oordink en deurtrap, sodat dit deel van hul denke en geloofsbegrip word. Hierdie praat moet ook in tye van vakansie plaasvind, ons rus nooit van hierdie opdrag nie.

**4. Ons moet dit oral en altyd deel.**
Elke geleentheid is 'n kans om die waarheid vas te lê, by die huis, by die skool, op die pad, tydens die vakansie en in ons saamkuier.

In gehoorsaamheid aan **Deuteronomium 6** word ons as ouers en onderwysers daaraan herinner dat ons die Here moet liefhê en dien met ons hele hart, ons hele siel en al ons krag. Dít is die fondament waarop ons kinders se geloof en lewe gebou word.



*Vriendelike groete*

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **14/11:** Gr.7-afskeid
- **18/11:** Atletiekoefening
- **20/11:** KS-gradeplegtigheid
- **20/11:** LS Gr.1-kuierdag

**Datums vir 2026:**

- **17/01:** Huissport - te HTS John Vorster
- **22/01:** Laerskool atletiek te Eduplex
- **29/01:** Laerskool atletiek te Queenswood
- **6/02:** Hoërskool atletiek te Maragon
- **14/02:** ICO-atletiek te Oos-Moot (GSDP is gasheer)

SKOOL-LIED

# Het jy geweet?

Verlede keer het ons iets gedeel oor die ontstaan van ons Skoollied, in hierdie Info kyk ons na die lied se inhoud en betekenis.

Die beeld van die boom wat by waterstrome geplant is (Psalm 1) loop soos ’n goue draad deur die skoollied. Soos wat die boom groei en vrug dra omdat sy wortels diep geplant is in God se Woord, so wil ons hê moet die kinders groei; in kennis, geloof en gehoorsaamheid. Elke keer as ons die skoollied sing, herinner dit ons daaraan dat ons identiteit en ons roeping in Christus gewortel is, en dat alle vrug wat ons dra, tot sy eer alleen is.

**Vers een** vertel ons meer van die skool se ligging en naam.

1. *Ons g'reformeerde skool is deur Gods hand*
*hier in die wye Mootgebied geplant.*
*Die Heer het in sy trou*
*die Dirk Postmaskool gebou.*

**Vers twee** handel oor die doel van die onderrig en die liefde en trou van die Here wat ons daarin mag ervaar.

2. *Die onderwysers leer ons in die klas*
*om God se Woord in alles toe te pas.*
*Dank Heer vir liefde-en trou*
*wat ons elke dag omvou.*

**Vers drie** handel oor die inhoud van die skoolwapen en eindig met 'n bede om vrug te mag dra.

3. *Soos boompies by die waterstroom geplant*
*so groei ons onder God se vaste hand.*
*Ons wil U need'rig vra:*
*Help U ons om vrug te dra.*

**Die refrein** bevat die tema van die lied (skoolwapen en leuse). Die kinders vra biddend dat hulle deur die Woord (Waterstroom) gevoed mag word, en dat hulle sterk en vol moed mag wees (soos die Here aan Josua opgedra het). By die laaste refrein word die presiese woorde van die skoolleuse geneem na die gewone refrein en dit word met lang klem-note gesing. Die kinders moet dit ook harder sing.

**Refrein:**
*O, laat die waterstroom ons voed,*
*sodat ons sterk is en vol moed.*

**Laaste refrein:**
*Wees sterk en vol moed!*

# Belangrike datums vir 2026. Teken dit solank aan:




| Public and School Holidays 2026 | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 03 April | Good Friday |
| 06 April | Family Day |
| 27 April | Freedom Day |
| 01 May | Workers' Day |
| 15 June | Special School Holiday |
| 16 June | Youth Day |
| 09 August | National Women's Day |
| 10 August | Public Holiday |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |

Weekends | School days | Special school holidays
Days for administration | Public holidays | School holidays

## SUMMARY OF 2026 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

| Term | Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (12) 14 January – 27 March | 11 | 53 (55) | 0 | 53 (55) |
| 2 | 08 April – 26 June | 12 | 58 | 3+1 | 54 |
| 3 | 21 July – 23 September | 10 | 47 | 1 | 46 |
| 4 | 06 October – 09 (11) December | 10 | 47 (49) | 0 | 47(49) |
| Total | | 43 | 205 (209) | 4+1 | 200 (204) |

**Skool heropen vir leerders:** 14 Januarie 2026
**Skool sluit vir leerders:** 26 Maart 2026 (GSDP het langer vakansie)
**Skool heropen vir leerders** 13 April 2026
**Skool sluit vir leerders:** 26 Junie 2026
**Skool open vir leerders:** 21 Julie 2026
**Skool sluit vir leerders:** 23 September 2026
**Skool heropen vir leerders:** 6 Oktober 2026
**Skool sluit in Desember vir leerders:** 2 Desember 2026. Let wel hul skryf nog 'n laaste vraestel op 2 Desember.




Twee van ons leerders, Dian Kruger en  Alexander Venter het deurgedring na die **SA kampioenskappe vir Jukskei.** Dian neem deel in die Sedibeng-streek en Alexander in Gauteng-Noord.

Hul afrigter Carin Kruger gaan saam met hulle na die kampioenskappe. Om die uitgawes van klere en verblyf vir die SA kampioenskappe te help betaal, verkoop hulle hierdie heerlike vrugtekoeke.

Bestel gerus hiervan by Carin Kruger of Juf Erika Venter. Sien kontakbesonderhede in die advertensie.



# KONINGSKINDERSKAMP
## 5-13 DESEMBER 2025

Ons bring die Evangelie aan minderbevoorregte en geestelike arm kinders en neem hulle op 'n kamp in Desember wat deur gelowige jongmense gedryf word.

Wees sterk en vol moed




Ons vra asseblief vir skenkings van die volgende bestanddele. Hierdie benodigdhede help om die kamp moontlik te maak vir die kinders.

Elke graad het 'n kort lysie van items wat geskenk kan word.

**1 Johannes 3:1** Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!

**Geskenkte items kan voor/teen Vrydag 28 November by die skool afgelewer word.**

**BAIE DANKIE VIR ELKEEN SE ONDERSTEUNING! DIT WORD OPREG WAARDEER!**

# Skeninkingslys vir Koningskinderskamp Desember 2025

| | |
|---|---|
| Gr1 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr1 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr1 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr1 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr1 | Sonblok |
| | |
| Gr2 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr2 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr2 | Kellog's Corn flakes 1kg |
| Gr2 | Gegeurde kitspap 500g |
| Gr2 | Koekies |
| | |
| Gr3 | Gegeurde kitspap 500g |
| Gr3 | Gegeurde kitspap 500g |
| Gr3 | Gegeurde kitspap 500g |
| Gr3 | Gegeurde kitspap 500g |
| | |
| Gr4 | Gegeurde kitspap 500g |
| Gr4 | Gegeurde kitspap 500g |
| Gr4 | Aanmaakkoeldrank |
| Gr4 | Stork magarien x 1 kg. |
| Gr4 | Kookolie |
| | |
| Gr5 | Stork magarien x 1 kg. |
| Gr5 | Stork magarien x 1 kg. |
| Gr5 | Stork magarien x 1 kg. |
| Gr5 | Kaas 1 kg |
| | |
| Gr6 | Kaas 1 kg |
| Gr6 | Kaas 1 kg |
| Gr6 | Viennas 1 kg(24 worsies) |
| Gr6 | Viennas 1 kg(24 worsies) |


| | |
|---|---|
| Gr7 | Viennas 1 kg(24 worsies) |
| Gr7 | Viennas 1 kg(24 worsies) |
| Gr7 | Spek 1 kg |
| Gr7 | Koekies |
| Gr7 | Sonblok |
| | |
| Gr8 | Spek 1 kg |
| Gr8 | Spek 1 kg |
| Gr8 | Sout 250g |
| Gr8 | Ricoffy 750 g |
| Gr8 | Aanmaakkoeldrank |
| | |
| Gr9 | Ricoffy 750 g |
| Gr9 | Ricoffy 750 g |
| Gr9 | Sonblok |
| Gr9 | Aanmaakkoeldrank |
| | |
| Gr10 | Suiker 2.5kg |
| Gr10 | Suiker 2.5kg |
| Gr10 | Suiker 2.5kg |
| Gr10 | Aanmaakkoeldrank |
| Gr10 | Kookolie |
| | |
| Gr11 | Aanmaakkoeldrank |
| Gr11 | Koekies |
| Gr11 | Gewone sjampoe 250 ml |
| Gr11 | Conditioner 250 ml |

# GSDP Huissport

**17 JAN 2026**

**HTS JOHN VORSTER ATLETIEKBAAN**

**Gereformeerde Skool Dirk Postma**



**Ons benodig 'n tafeltennisafrigter vir 2026**

Die seisoen strek vanaf Februarie tot Mei, en oefeninge vind 1 keer per week plaas. Kontak asseblief vir juf. Janine Heikens of juf. Petra van der Veen indien jy weet van iemand of kan help.

# Kleuterskool

**Belangrike datums**

**20 November:** Gradeplegtigheid
**21 November:** Waterdag
**27 November:** Kuierdag vir nuwe kleuters (16:00-17:00)



Laerskool

**Belangrike datums**

**18 & 19 November:** Eksamen in toetsperiode 08:00-09:40

**20 November:** Eksamen en 12:00 huis toe gaan



# Boekenhout Boekwinkel

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES



## Jou Eenstopwinkel vir Skool, Studies en Lekker lees!

*By ons kry jy:*

Christelike boeke.

Waterstroomreeks: Christelike skoolhandboeke

Bybelstudiehandleidings.

Lekkerlees- en jeugboeke om jou verbeelding te voed.

Handboeke en studiemateriaal.

BB
Boekenhout Boekwinkel

012 332 3227 boekenhout.aros.ac.za Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria

# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius 3 +

Kids Genius 5 +

A+ STUDENTS Genius Mathematics

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

## JUFFROU RACHELLE

**074 956 0796**

**Wiskunde hulp by jou skool!**

**Is Wiskunde 'n uitdaging?**
**Ek is hier om te help!**

**Vir Graad R - Graad 7 leerders.**

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL

Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde!    Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016

# Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.

## PR COMPUTERS

Call us today

0826915793



Ons praat jou taal!




# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12**
**Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12**
**Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12**
**Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12**
**Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT
HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA
HELENA - 0845103373
HV.VERWEY@GMAIL.COM

# Snapscan Kodes

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2025 te wees.**

